# Afrikaanse Protestantse Kerk

Rig alle korrespondensie i.v.m. hierdie skrywe aan die Gemeenskaplike Kerkkantoor vir aandag van:
Ds. JL Schütte
direkteur@apk.co.za


19 November 2020

**OMSENDBRIEF : 18/2020**

## TRAKTEMENTSKALE 2021

**Aan alle leraars en skribas**

Geagte broeders

Graag word die nuwe traktementskale vir 2021 aan gemeentes gestuur. Daar was reeds talle navrae daarvoor gewees, maar gesien die uitdagings wat 2020 vir talle gemeentes gebied het, het die Gemeenskaplike Kerkkantoorkommissie (GKK) hul geskeduleerde vergadering uitgestel sodat berekeninge gedoen kon word met die beskikbare syfers aan die einde van Oktober 2020.

Dit was juis omdat die GKK terdeë bewus is van die ekonomiese impak wat die inperkingsmaatreëls van 2020 op gemeentelike aktiwiteite gehad het en steeds uitoefen. Hierdie impak op die gemeentes kon waargeneem word op grond van die 15% oorbetalings wat aan die GKK gemaak is om uitvoering te kan gee aan sinodale besluite rakende teologiese opleiding, publikasies, versorging van emeriti en geldelike hulp aan gemeentes in nood om maar enkele te noem.

Dit was ook verblydend om te verneem van talle gemeentes waar die uitdagings juis geleenthede vir groei geword het. Deur ware kerkwees het vele gemeentes groei ervaar danksy ŉ warmte wat uitgestraal is in ŉ tyd toe mense bewus geword het van ŉ geestelike koue en juis na warmte gesoek het. Op hierdie manier het daar ook vir sulke gemeentes finansiële verligting gekom. Dit is juis sulke gemeentes wat vir ons as voorbeeld dien vir die baie gemeentes wat die teenoorgestelde ervaar het en tans onder baie groot druk verkeer.

Toe die GKK dus tydens 'n vergadering gehou op 12 November 2020 oor die aanpassing van die traktementskale moes besluit, was dit nie ŉ maklike besluit gewees nie. Uiteindelik is daar

besluit om ’n verhoging van 4.0% by kerkrade aan te beveel saam met die jaarliks kerfaanpassing.

Let asseblief daarop dat die aanbeveling van 4.0% verhoging slegs betrekking het op die traktementskaal. Alle ander toelae verskil van gemeente tot gemeente na gelang van elke gemeente se eie bedieningsbehoeftes en elke plaaslike kerkraad moet dus die nodige aanpassings ten opsigte daarvan maak. Hieronder bied ons ŉ voorbeeld van verskillende basiese toelae wat meermale aan leraars gegee word en ons vra die kerkraad om asseblief die gedagtes daaromtrent ook in hul begroting en besluite te verreken. Die GKK beveel aan dat die hersiene traktementskaal, soos hieronder aangedui, met ingang 1 Maart 2021 ingestel word.

*Die huidige (2020) en* **hersiene (2021)** *traktementskale is soos volg:*
*Huidige skaal vanaf 1 Maart 2020 tot 28 Februarie 2021:*
*R244 190 x 15 810 – 260 000 x 18 800 – 372 800 x 25 880 – 398 680.*

**Hersiene skaal vanaf 1 Maart 2021 tot 28 Februarie 2022:**
**R253 960 x 16 440 – 270 400 x 19 550 – 387 700 x 26 900 – 414 600.**

| **Jare** | **Huidige kerf (2020)** | **Jare** | **Hersiene kerf (2021)** |
|---|---|---|---|
| | R | | **R** |
| 1 | 244 190 | 1 | **253 960** |
| 2 | 260 000 | 2 | **270 400** |
| 3 | 278 800 | 3 | **289 950** |
| 4 | 297 600 | 4 | **309 500** |
| 5 | 316 400 | 5 | **329 050** |
| 6 | 335 200 | 6 | **348 600** |
| 7 | 354 000 | 7 | **368 150** |
| 8 | 372 800 | 8 | **387 700** |
| 9 | 398 680 | 9 | **414 600** |

Ten opsigte van proponente wat na afloop van legitimasie beroep word, beveel die GKK aan dat die hersiene kerf vanuit die staanspoor op die beroepsbrief vermeld word en dat daar dan geen verhoging op 1 Maart 2021 gegee word nie.

Die ooreenkoms wat die gemeentes met mekaar in die kerkverband het, is dat alle leraars in soverre dit vir die plaaslike kerkraad moontlik is, jaarliks op 1 Maart die inflasie- sowel as die jaar-kerf aanpassing ontvang, totdat Kerf 9 bereik word. Die veronderstelling is dat alle leraars na 9 jaar se diens in die kerkverband dieselfde basiese traktement ontvang.



**Posadres:** Gemeenskaplike Kerkkantoor • Posbus 25139 Monumentpark 0105
**Straatadres:** Makoustraat 516 Monumentpark X2 0181 ☎ (012) 362-1390 📠 (012) 362-2023

Ter illustrasie beteken die aanbeveling in praktyk dus dat ŉ leraar wat tans ŉ jaarlikse traktement van R316 400 ontvang, se traktement verhoog word na R348 600.

Daardie leraars wat reeds op die topskaal van Kerf 9 traktement ontvang (2020 was dit R398 680), ontvang slegs die aanbevole persentasie-aanpassing (dus vanaf 1 Maart 2021 R414 600).

Die GKK bid dat dit vir gemeentes waar predikante voltyds in diens is moontlik sal wees om sulke predikante **nie minder gunstig** as ooreenkomstig die aanbevole traktementskaal en die aangeduide aanpassings te vergoed nie.

Die fondsverjaardag van die Pensioenfonds is 1 Maart van elke jaar en daarom poog ons om die salaris-/traktementverhogings ook vanaf hierdie datum te laat plaasvind, om te voorkom dat daar elke maand nuwe inligting aan die administrateur, Acravest, gegee moet word. Die Gemeenskaplike Kerkkantoor is verantwoordelik vir die oorbetaling van die pensioenfonds ledegelde aan Acravest en dit sal waardeer word indien u besonderhede van die hersiene traktemente wat aan u predikant(e) toegeken is, so spoedig moontlik, maar nie later nie as 31 Maart 2021 aan afdeling Finansies by die Gemeenskaplike Kerkkantoor kan verstrek.

Soos genoem gee ons graag ŉ voorbeeld van al die verskillende toelae wat gemeentes in die verlede aan leraars gebied het:

**<u>Voorbeeld</u>**
Samestelling van 'n leraar se vergoedingspakket:
Traktement (volgens traktementskaal)
Plus (waar van toepassing)

- Behuisingstoelaag
- Reistoelaag
- Munisipale toelaag
- Telefoontoelaag en/of Selfoontoelaag
- Studeerkamertoelaag en/of Boeketoelaag en/of Rekenaartoelaag
- Onthaaltoelaag

Baie hiervan is in die verlede gegee omdat die leraar spesiale belastingvoordele op van die toelae ontvang het. Wat baie kerkrade egter nie in ag geneem het nie, is dat die Inkomstebelastingwetgewing (IBW) oor die afgelope aantal jare drasties verander het – verwys onder andere na die belasbaarheid van die werkgewergedeelte van die pensioen en mediese fonds bydrae, verpligte indien van ritstate indien reiskoste geëis wil word, ensovoorts.

Buiten vir die reiskostetoelaag (IBW-kode 3701) wat 80% maandeliks belas word, word al die ander toelaes maandeliks 100% belas en kan daar eers op belastingjaareinde met indien van



**Posadres:** Gemeenskaplike Kerkkantoor • Posbus 25139 Monumentpark 0105
**Straatadres:** Makoustraat 516 Monumentpark X2 0181 ☎ (012) 362-1390 (012) 362-2023

die opgawe, belasting terug geëis word. Persoonlike inkomstebelastingkoerse is ook aan die styg.

Die vraag is hoeveel kerkrade het al die leraar se salarisstruktuur aangepas by veranderende Inkomstebelastingwetgewing?

Iets wat byvoorbeeld kan oorweeg word, indien dit nie reeds gedoen word nie, is om gebruik te maak van die belastingvoordeel wat leraars met kinders op skool of universiteit kan kry deur hierdie ruimte wat in die Belastingwet geskep word –

> In die geval waar ’n studiebeurs aan ’n familielid van die werknemer by ’n erkende instelling toegestaan is, sal die vrystelling slegs toegestaan word indien die werknemer se besoldigingsvolmag, gedurende die jaar van aanslag, nie R600,000 te bowe gaan nie, en die bedrag van die beurs nie die volgende bedrae oorskry nie:
>
> - R20,000 vir basiese onderwys (Graad R tot 12 en NKR 1 tot 4)
> - R60,000 vir hoër onderwys (NKR 5 tot 10).
>
> Beurse betaal om gestremde persone wat lid van die werknemer se familie is te help en vir wie die werknemer ‘n plig het om te versorg, is die drempels soos volg –
>
> - Besoldigingsvolmag R600,000
> - R30,000 vir basiese onderwys, soos bo.
> - R90,000 vir hoër onderwys soos bo.

Ons beveel aan dat u kerkraad saam met die leraar en ŉ belastingkenner sal gaan sit en sodanige aanpassings maak as wat binne u omstandighede moontlik is. Sodoende kan die kerkraad en leraar albei spaar en minder van mense se tiendes aan owerheidsbelasting vermors word. Daar kan byvoorbeeld ook oorweeg word om al die toelaes eerder deel te maak van die leraar se pensioengewende salaris.

Kontak gerus die Gemeenskaplike Kerkkantoor indien u hulp of advies hieroor wil hê.

Met agting en seënwense

GJJ van Rensburg
**n. DIREKTEUR VAN KERKADMINISTRASIE**



**Posadres:** Gemeenskaplike Kerkkantoor • Posbus 25139 Monumentpark 0105
**Straatadres:** Makoustraat 516 Monumentpark X2 0181 ☎ (012) 362-1390 📠 (012) 362-2023